Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 29, 1999. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOOK REVIEWS

## WAAROM DIE BOERE DIE OORLOG VERLOOR HET

Leopold Scholtz
Pretoria: Protea Boekhuis
1999
260 pp.
R79.95

Soos wat te wagte kon wees het die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog gelei tot 'n ontploffing in die getal boeke en tydskrifartikels oor hierdie sentrale gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dat 'n oorlog meer behels as net militêre aspekte blyk duidelik uit die verskeidenheid titels wat ook ander dimensies van die konflik ontleed. Militêre aangeleenthede staan egter sentraal in die geskiedenis van oorlog en dit is verblydend om meer publikasies te sien verskyn wat hoofsaaklik hierop fokus. Scholtz se boek is 'n voorsetting van die krygshistoriese tradisie waarmee sy vermaarde vader, G.D. Scholtz, bekendheid verwerf het. Scholtz junior is ook al in eie reg 'n bekende joernalis en krygshistorikus wat verskeie publikasies oor politieke en militêr-strategiese aangeleenthede die lig laat sien het.

Die boek fokus op 'n ontleding van die oorlog op die militêr-strategiese en operasionele vlakke. Dit impliseer 'n bespreking van die internasionale politiek, die ekonomiese dimensie van strategie, algemene militêre vermoëns en die verloop van verskillende veldtogte in die oorlog. Taktiek en wapentuig behoort slegs bespreek te word in soverre die invloed wat dit in teaterverband gehad het. Hierdie benadering is dus aanvullend tot die legio publikasies wat die wapentuig en taktiek aan beide kante behandel en vul 'n leemte in die historiografie van die oorlog.

Leo Amery se *The Times History of the War in South Africa* en J.H. Breytenbach se *Die Tweede Vryheidsoorlog, Deel I*, gee uitvoerig aandag aan die Britse strategie en krygsplanne op die vooraand van die oorlog. Dit was egter eers in 1979 dat Thomas Pakenham se *The Boer War* werklik die omvang van die Boere se krygsplan op die vooraand van die oorlog ontleed het, 'n aspek wat deur eersgenoemde bronne afgeskeep is. Scholtz sluit hierby aan met 'n ontleding van die bestaande denke oor oorlogvoering van die opponerende magte, gevolg deur 'n uiteensetting van hulle krygsplanne.

Die kernaangeleentheid was, dat die beste kans wat die twee klein republieke gehad het om hulle onafhanklikheid suksesvol te verdedig, geleë was in 'n offensiewe strategie teen die Britse kolonies van Natal en die Kaapkolonie. Laasgenoemde het veral die voordeel ingehou dat Afrikaners die meerderheid van die blanke bevolking uitgemaak het en 'n inval ondersteun kon word deur 'n rebellie. Hierdie strategie is egter nie gekies nie en vervolgens verduidelik Scholtz die defensiewe strategie en die verspeelde kanse selfs binne daardie raamwerk, waardeur die Boere hulle geleenthede verbeur het, terwyl die Britse magte in Suid-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 29, 1999. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Afrika nog relatief swak was. Geen wonder dat hulle slegs in staat was om die Britse magte vir ongeveer vier maande van hulle grondgebied af te hou. Hierna het die Britse getalle oorwig en industriële vermoë 'n uiteindelike Boere neerlaag feitlik onvermydelik gemaak. Die eerste gedeelte van die boek word dan ook afgesluit met die ontleding van die Britse offensief onder bevel van Lord Roberts wat gelei het tot die besetting van Bloemfontein en Pretoria en Roberts se persepsie dat die oorlog so te sê afgehandel was.

Vanaf hoofstuk 6 bespreek Scholtz die guerrilla-fase en weer eens figureer die Kaapkolonie en die potensiaal van 'n Afrikaneropstand sterk in die bespreking. Die versuim om die Britse kwesbaarheid, as gevolg van hulle onvoorbereidheid teen 'n grootskaalse guerrilla offensief, teen die einde van 1900 uit te buit, word uitgewys, asook daaropvolgende Britse maatreëls wat die moontlikheid van 'n Boere oorwinning verder buite bereik geplaas het. Die boek word afgesluit met 'n ontleding van die gebeure aan die hand van die beginsels van oorlogvoering.

In die inleiding van die boek word kort defenisies verskaf van die verskillende vlakke van oorlog naamlik, taktiek, operasionele kuns en strategie. 'n Meer in detail bespreking van hierdie aspek sou die algemene publiek in staat gestel het om die boek beter te verstaan, gegewe dat selfs militêre personeel soms sukkel om dit deeglik te begryp. Wat veral van belang is, is die tipe aktiwiteite wat bevelvoerders en stawwe uitvoer in die beplanning en uitvoering van operasies, waarteen die sukses van die opponerende bevelvoerders gemeet kon gewees het.

Die ontleding op die strategiese vlak kon ook uitvoeriger behandel gewees het. 'n Mens sou graag wou gesien het dat die diplomatieke, ekonomiese en militêre vermoëns van die opponerende magte aan die begin van die boek onder die loep geneem gewees het. Dit sou die Britse kwesbaarheid in Suidelike Afrika op die vooraand van die oorlog, die ongelykheid in vermoëns ten spyt, duideliker gedemonstreer het. Hierdie aspek is nie deeglik genoeg ontleed nie en word slegs terloops in die slot van die boek aangespreek. Die strategiese vlak is immers bepalend vir die moontlikheid van sukses op die operasionele vlak. Twee aspekte is hier van kardinale belang, naamlik die interne politieke situasie in Brittanje en die optredes van ander moondhede.

Scholtz het in sy ontleding verskeie kere vergelykings getref met ander oorloë soos die Amerikaanse Burgeroorlog, 1861-1865 en die Amerikaanse militêre betrokkenheid in Viëtnam, 1965 -1972. Hierdie benadering is insiggewend aangesien die Boere in vele opsigte onderskeidelik in dieselfde posisie as die Konfederale State en die Viëtnamese guerrilas was. Juis daarom moes 'n deeglike ontleding van die politieke situasie in Brittanje self deel van die boek gevorm het. Dit is immers in die VSA self waar die sleutel tot die Amerikaanse neerlaag in 1975 in Viëtnam sy oorsprong gehad het. Arthur Davey se boek *The British Pro-Boers, 1877-1902*, is 'n goeie bron om hierdie aspek te verstaan. Indien die Boere, soos in 1880-81, daarin kon slaag om die Britse politieke leiers te verdeel oor die voortsetting van die oorlog of 'n onderhandelde vrede, het hulle in hul politieke doel geslaag. Sukses op die operasionele vlak, soos 'n kragdadige inval in Natal en die Kaapkolonie aan die begin van die oorlog of die volle uitvoering van die Syferfonteinplan kon twyfel in Britse geledere oor die noodwendigheid van sukses in die oorlog laat ontstaan het en die hand van die Britse politici

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 29, 1999. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

wat teen die oorlog gekant was, gesterk het. Hierdie aspek is glad nie in berekening gebring nie en daarmee is een van die belangrikste redes waarom die Boere die oorlog verloor het nie, aangespreek nie.

Die volgende aspek is die kwessie van die houding en optrede van ander groot moondhede. Scholtz baseer sy argumente hoofsaalik op die, tot onlangse aanvaarde opvatting, dat die Boere slegs simpatie van ander moondhede ontvang het. Intussen het navorsing egter nuwe gegewens aan die lig gebring. Drie boeke, wat die outeur nie geraadpleeg het nie, is hier van belang. E.K.G. Sixsmith se *British Generalship in the Twentieth Century* en T.G. Fergusson se *British Military Intelligence, 1870-1914*, verskaf ontledings van die Britse persepsies van die moontlikheid van oorloë met moondhede soos Frankryk, Duitsland en Rusland teen die einde van die 19de eeu. Insiggewend was veral die vrees dat 'n moondheid soos Rusland die geleentheid kon benut om Britse belange in Indië te bedreig, indien Brittanje in 'n oorlog elders, soos Suid-Afrika, betrokke sou raak. A. Davidson en I. Filatova se *The Russians and the Anglo-Boer War*, werp ook vir die eerste keer, sedert die oopstelling van die argiewe van die voormalige Sowjetunie in 1996, lig op die aspirasies van Tsaar Nikolaas II en die militêre maatreëls wat geneem is om diplomatieke druk op Brittanje tydens die oorlog in Suid-Afrika te plaas. So is Russiese eenhede op die grens van Afghanistan en afdelings van die Russiese vloot in die Middellandse See en die Atlantiese Oseaan versterk. In die lees van hierdie boek kom 'n mens onwillikeurig onder die indruk dat Rusland selfs meer sou gedoen het, indien die voorstelle van die Smuts memorandum van 1899 nagevolg was of die Syferfonteinplan ten volle geïmplimenteer is.

Die outeur kon gerus die ooreenkoms tussen die Amerikaanse Vryheidsoorlog, 1776 - 1783 en die Anglo-Boereoorlog ondersoek het. In eersgenoemde geval het die toetrede van lande soos Frankryk, Nederland en Spanje die klein dertien kolonies in staat gestel om die Britse juk af te werp. Die voorwaarde vir hulle toetrede tot die oorlog was egter dat die Amerikaanse magte van George Washington genoegsame militêre welslae moes behaal om die waagstuk te regverdig. Weliswaar was Britse opperheerskappy ter see teen die einde van die 19de eeu en die onderlinge verdeeldheid en wantroue tussen die Europese moondhede 'n hindernis, maar die politiek is die kuns van die moontlike en die Boere se besetting van die hawens in Suid-Afrika of 'n algemene opstand in die Kaapkolonie kon selfs die wilspulturige Kaiser Wilhelm II van Duitsland tot aksie aangespoor het, al was dit dan ook net op diplomatieke druk op Brittanje te plaas. Dit kon ook die Tsaar van Rusland aangemoedig het om meer te doen as net om Indië te bedreig. 'n Belangrike aspek wat hier aangespreek moes gewees het is die probleme wat die Britte sou moes oorkom om deur middel van 'n amphibiese operasie aan wal te kom. Dit sou die oorlog aansienlik verleng het en Brittanje se kwesbare diplomatieke posisie in die internasionale politiek tot voordeel van die Boere gestel het. Trouens, een van die lesse van die oorlog uit 'n Britse oogpunt was dat hulle so gou as moontlik bondgenote moes bekom, wat gelei het tot die alliansie met Frankryk en Rusland in 1907.

Sommige van Scholtz se argumente oortuig nie, soos byvoorbeeld sy kritiek teen die militêre denke van regter J.B.M. Hertzog. As student van die krygskuns behoort die outeur van beter te weet as om die indruk te skep dat Hertzog 'n fout gemaak het deur Frederick die Grote se oorlogskuns te bestudeer, aangesien sy metodes teen die laat 19de eeu verouderd

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 29, 1999. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

was. Dit is wel waar op die taktiese vlak, maar Hertzog se standpunt, gebaseer op Frederick se leerstellings, dat die republieke hulle sentrale posisie vir groter beweeglikheid kon uitbuit, die blokkering van vyandelike aanvoerlinies en die noodsaak om die stryd na vyandelike gebied te voer, verteenwoordig myns insiens 'n ondersteuning van die outeur se eie argumente tov hoe die Boere binne die raamwerk van 'n defensiewe strategie die oorlog kon gewen het.

Smuts se memorandum op die vooraand van die begin van die konflik is, binne die konteks van Scholtz se tema, seker die belangrikste dokument van die oorlog. Nogtans verkies hy om dit af te maak as insiggewend, maar sonder veel invloed op die topstruktuur van die republiekeinse militêre en politieke leiers. Pakenham skep die indruk dat president Paul Kruger die voorstelle soos vervat in die memorandum onderskryf het, maar dat president M.T. Steyn van die Vrystaat nie ten gunste van 'n offensiewe strategie was nie. Scholtz se kritiek teen Smuts en ene Joubert se briewe uit 1948 oor die Boere se strategie voor die oorlog is gebaseer op 'n argument dat die voorstelle nie veel steun onder die Transvaalse regeringsleiers geniet het nie en dat hierdie briewe as ongeloofwaardig beskou moet word. Die argumente in hierdie twee briewe stem nogtans in breë ooreen met Smuts se memorandum van 1899. Variasies op Smuts se plan, soos teengekom in generaal Jan Kemp se boek, waarin beweer word dat sommige Boereleiers die Kaapkolonie wou inval en die Hexrivierberge as defensiewe posisie wou benut, word ook nie genoem nie. Omdat die notules van die Uitvoerende Raad van die ZAR slegs besluite bevat, sal ons waarskynlik nooit weet hoeveel steun, al dan nie, onder die Transvaalse leiers vir Smuts se voorstelle bestaan het nie. Smuts, Joubert en Kemp se nalatenskap dui myns insiens egter daarop dat die voorstelle in Transvaalse geledere nie sonder steun was nie, veral gesien in die lig van Smuts se posisie as Staatsprokureur onder wie die Geheime Diens van die ZAR (Militêre Inligting in die moderne idioom) geresorteer het. Die vertrouensposisie wat hy teenoor Kruger geniet het en die wedersydse hoë agting vir mekaar tot Kruger se afsterwe in 1904 moet ook hier in ag geneem word. 'n Mens kan maar net hoop dat briewe, dagboeke en ander dokumente wat dalk iewers in die besit van families is, lig sal werp op hierdie belangrike aspek.

Scholtz se ontleding van die scenario waarin die Vrystaat neutraal kon bly en die geografiese voordele wat dit vir die ZAR sou ingehou het is insiggewend. Dit is egter nie heeltemal waar dat die Britse magte slegs deur Natal sou kon aanmars nie. Roberts se aanmars vanaf Enslinstasie na Kimberley en vandaar na Bloemfontein, sonder die hulp van 'n spoorlyn, is 'n aanduiding dat die Britse magte vanaf Mafeking na die Witwatersrand kon beweeg het, soos wat Jameson se invalsmag in 1895 trouens vermag het. Dit hoef nie die hooffokus van 'n offensief gewees het nie, maar kon 'n deel van die Boere se magte aldaar gebind het en die Britse taak in Natal vergemaklik het.

Die geostrategiese implikasie van die Vrystaatse toetrede tot die oorlog aan die kant van die ZAR word uitstekend ontleed. 'n Belangrike aspek is die versuim van die Boere om dit te benut en die spoorwegknooppunte in die Kaapkolonie soos De Aar en Noupoort te beset of minstens die infrastuktuur te beskadig. Scholtz is ook verder korrek as hy beweer dat die versuim om die hoofbrug oor die Oranjerivier te beset of vernietig die Boere duur te staan gekom het. Uiteindelik is slegs Stormberg beset en die impak wat dit op die besluite van Sir Redvers Buller gehad het is ook belangrik om die verloop van die oorlog te verstaan.

Dit is belangrik dat in 'n boek soos hierdie die verskillende opsies op die strategiese en operasionele vlak bespreek word en die moontlike scenarios wat daaruit kon voortvloei. Hierin het Scholtz 'n belangrike bydrae tot die historiografie van die oorlog gelewer. Vir die historikus is dit egter nog belangriker om te bepaal waarom mense op 'n bepaalde wyse opgetree het, aangesien dit bepalend was van die uitslag van die oorlog. Scholtz fokus hoofsaaklik op die oorversigtigheid en onbekwaamheid van die militêre topstruktuur van die Boerebevelvoerders aan die begin van die oorlog, maar noem die werklike redes vir hierdie benadering slegs terloops. Aan die einde van die boek word dit ook nie genoem as deel van sy finale gevolgtrekking van hoekom die Boere die oorlog verloor het nie. Tydens twee van die referate in 1999 Bloemfontein is twee van die belangrikste redes bespreek. Eertens, die invloed van die oorwinning oor die Britse magte in 1880-81 en die daaruitvoorvloeiende geloof dat dieselfde benadering weer sou slaag. Die tweede aspek is die godsdienssin van die Boere wat verhoed het dat hulle 'n offensiewe strategie sou implimenteer. Hierdie aspekte moes 'n sentrale deel van die outeur se bespreking gevorm het. 'n Ander nagelate aspek, soos deur Pakenham bespreek, was dat die begin van 'n offensief in Augustus of September 1899 die risiko ingehou het dat dit later kon begin reën en dat die Boere se perde nie van die veld af kon leef nie, een van die belangrikste voordele bo die Britse magte.

Wat die verloop van militêre operasies betref verduidelik Scholtz die verspeelde kanse, veral in Natal, wat tot die beleg van Ladysmith gelei het. Daarna ontleed hy die kortsigtige strategie van generaal Piet Cronjé aan die wesfront, wat tot die Boere oorgawe by Paardeberg en die besetting van Bloemfontein gelei het. 'n Aantal aspekte wat egter afbreek aan sy bespreking doen is die volgende. Hy weerspreek homself wanneer hy die operasionele kuns van Roberts tydens hierdie fase bespreek. Eerstens loof hy Roberts se plan en die uitvoering daarvan, sonder om sy swak logistieke organisering en verdediging van sy magte se agtergebiede in ag te neem. Dit is immers twee van die belangrikste aspekte waaraan operasionele kuns gemeet word. Aan die einde van die betrokke hoofstuk maak hy uit die bloute die stelling dat Roberts eintlik 'n mislukking was, omdat hy die oorlog na die besetting van Pretoria kon eindig nie. Wat hier bespreek moes gewees het is die miskatting van die swaartepunt van die Boeremagte, wat nie in die hoofstede geleë was nie. In die slot van die boek word weer beweer dat Roberts gefaal het, sonder om redes te verskaf.

'n Steurende fout is dat die outeur beweer dat Roberts se magte vanaf Enslinstasie suidwes na Ramdam beweeg het. Ramdam is suidoos van Enslinstasie geleë. Die invloed van Roberts se offensief op die vermoë van die Boere om Buller se pogings om Ladysmith te ontset en na Transvaal aan te mars word ook glad nie genoem nie. Trouens, na die bespreking van die mislukking van die Boere se inval in Natal in 1899, word hierdie teater van operasies tot die besetting van Transvaal glad nie bespreek nie.

Wat die guerrillaoorlog betref veroorsaak die afwesigheid van die datum van die krygsraad te Syferfontein in die teks dat die leser drie en dertig bladsye moet aanblaai om dit in 'n eindnota te vind. Dit is waarskynlik waar dat generaal Louis Botha se plan om die Witwatersrand aan te val onrealisties was, maar die bewering dat dit nie sou geslaag het nie na aanleiding van sy mislukte aanval teen die Pretoria-Delagoabaai spoorlyn, is nie korrek nie. Hierdie aanval het misluk omdat onverwagse reën en gevolglike swak sig die Boere se uitvoering van die plan in die wiele gery het. Generaal Ben Viljoen se vroeëre sukses in

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 29, 1999. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

dieselfde omgewing het ook die Britse magte op hulle hoede gestel vir 'n soortgelyke optrede, faktore wat nie noodwendig aanwesig sou wees in 'n aanval teen die Witwatersrand nie. Dit is wel waar dat so 'n aanval dieselfde resultaat tot gevolg sou hê as hulle pogings in die begin van die oorlog om Ladysmith, Kimbeley en Mafeking in te neem.

Scholtz is baie krities in sy bespreking van die operasionele kuns van generaal C.R. de Wet en die meeste van sy argumente is in die kol. De Wet se onwilligheid om die Syferfontein plan ten volle te ondersteun word hoofsaaklik toegeskryf aan sy wantroue in Louis Botha. Hierdie was egter waarskynlik nie die enigste rede nie. De Wet het voortdurend gesukkel om genoeg vrywilligers onder die Vrystaters te vind wat die Kaapkolonie wou inval. Hulle wou eerder in hulle eie land teen die Britte veg. Scholtz kon egter ook die rol van Botha meer krities beskou het. Na die krygsraadbesluit van 17 Maart 1900 te Kroonstad, het die Transvaalse magte onder Botha steeds gepoog om met oorwoë verdedigingstellings die Britse opmars te stuit. Die vraag kan tereg gevra word om dit nie ook die Boere se kanse om met guerrilla-oorlogvoering sukses te behaal in die wiele gery het nie. 'n Mens kom ook onder die indruk dat Botha self waarskynlik ook altyd nie oorentoesiaties was oor die plan om die Kaapkolonie in te val nie. 'n Voorbeeld hiervan is toe hy generaal Christiaan Beyers se mag, wat noordoos van Pretoria ontplooi was om deel te neem aan die inval in die Kaapkolonie, in April 1901 laat terugkeer het om die Britse besetting van Pietersburg te verhoed, wat niks anders as 'n vermorsing van mannekrag en energie was nie.

Scholtz beweer dat die Britse Leër oor geen militêre teorie beskik het om teen die guerrillas te veg nie. Dit is nie waar nie. Die Britse Leër het teen die einde van die 19de eeu oor heelwat ervaring in teen-guerrilla oorlogvoering beskik. Oor in watter mate die lesse daaroor geboekstaaf is, bestaan 'n meningsverskil. C. Calwell se *Small Wars, their Principles and Practice*, waarvan die eerste uitgawe in 1896 en 'n hersiene in 1903 verskyn het, word deur skrywers soos Fergusson beskou as 'n wyd gelese boek onder Britse offisiere. Luvaas en Walter Laquer reken egter dat dit nie veel invloed gehad het nie. Dit is wel waar dat die Britse magte in Suid-Afrika onverhoeds deur die Boere se oorskakeling na guerrillaoorlogvoering betrap is.

Scholtz se gebruik van militêre terminologie is soms ook steurend. 'n Mens skiet met 'n geweer, maar 'n mag skiet nie van een dorp na 'n ander nie. Hy beweeg of voer 'n opmars uit.

Scholtz het met die skryf van *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, 'n belangrike debat oor die oorlog voortgesit. Daar is insiggewende standpunte en van die belangrike verklarings waarom die oorlog wel tot die, vir die Boere, vernedering van Vereniging in 1902 gelei het. Die boek toon, soos hierbo uiteengesit, egter sekere strukturele swakhede en wat veral teleurstellend is, is dat sekere belangrike redes vir die uitslag van die oorlog nie in die gevolgtrekking vervat is nie. Die reeds vermelde invloed van godsdiens en die oorwinning in 1881 is voorbeelde, asook die rol van swartmense tydens die guerrillafase van die oorlog. Die mislukking om die Kaapkolonie na behore te benut om die Britse magte oor 'n groot geografiese gebied doeltreffend te verdeel, se implikasie was dat die guerrilla-oorlog hoofsaaklik in die republieke geveg is. Hierin het swartmense 'n belangrike rol gespeel en dit is nie ontleed nie. Daar is dus aspekte wat deegliker ontleed moes gewees het. Wat hier veral

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 29, 1999. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gemis word is die verklaring van die verband tussen die gebeure op die verskillende vlakke van oorlog, veral die strategiese en operasionle vlakke. Dit is duidelik dat die outeur uitvoerige navorsing gedoen het. Indien die leemtes aangespreek word en die boek in Engels vertaal word kan dit 'n belangriker bydrae tot die historiografie van die oorlog lewer as wat tans die geval is.

*Lt kol (dr) C.J. Jacobs, Resident-historikus, SA Leërkollege, Thaba Tshwane, Pretoria.*